


And a great sign appeared in heaven: a woman clothed by the sun, and the moon under her feet, and on her head a crown of twelve stars... (Revelation 12:1)

# Die Drie Ewige Bestemmings van die Mens

Gratis

"**Drie?**
Het iemand gesê **drie** ewige bestemmings?
Ek het gedink daar is net
'n *hemel* en 'n *hel*…?"

Tallose mense het hulself al hierdie vraag afgevra, en dis geen wonder nie! Bowendien preek die Christendom vir amper tweeduisend jaar al oor die *hemel* en die *hel* . In dieselfde tweeduisend jaar, egter, het talle regdenkende mense geworstel met 'n ander kwelvraag:

*"Wat van al die miljoene wat nooit die geleentheid gehad het om van Jesus Christus te hoor nie? Gaan hulle almal hel toe?"*

Menige beroemde Christelike denker deur die eeue heen, het met klinkklare antwoorde op dié vraag vorendag gekom, elkeen vanuit sy eie leerstellige kamp. Maar ál hierdie antwoorde slaag nie daarin om vrede in die gemoed en gewete van sensitiewe mense te bring nie. Dat God sommer goedsmoeds almal wat gesterf het sonder om Christus te aanvaar, tot ewige pyniging verdoem – dit strook eenvoudig nie met die mens se ingebore aanvoeling vir 'n God wat regverdig en liefdevol is nie.

Die skrywers van dié *Freepaper* het ontdek dat daar in die Bybel duidelike teenstellings voorkom in menige "gepaste" antwoord wat ons ons hele lewe lank al hoor. Ons hoop u sal dié kans benut om ons antwoorde hierop te oorweeg.

**Openbaring 22:11 wys die**
**DRIE EWIGE BESTEMMINGS van die Mens**
**('n bewys dat God regverdig is)**

Die ganse mensdom kan in drie kategorieë ingedeel word - elke kategorie met sy eie ewige bestemming.

Die **eerste** kategorie het twee indelings, mense wat kwaad doen: die *onregverdiges,* en die *sedeloses* of *vuiles*. Die *onregverdiges* maak misbruik van ander vir hul eie, selfsugtige gewin. Die *vuiles* vernietig goedsmoeds die lewens van ander deur die invloed van hul eie morele verval.

Die **tweede** kategorie bestaan uit diegene wat goed doen, genoem die *regverdiges*. Die regverdiges is die "goeie mense" van elke nasie en kultuur[1] wat lewe binne die riglyne van hul gewete.[2] Hulle vrees God en respekteer ander mense.

Die **derde** kategorie is die *heiliges*. Heilig beteken "afgesonder," of *eenkant gesit*. Die *heiliges* leef geheel en al vir die Een wat hulle gered het.[3] Hulle is lede van die *heilige* volk of nasie wat God besig is om op die aarde te vestig.[4]

Openbaring 22:11 skets elk van hierdie ewige bestemmings, die direkte gevolg van ons leefwyse:

> *"Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, meet heilig bly."*

Die manier waarop mens kies om nou te lewe, is hoe hy of sy vir ewig en altyd sal wees. Daarom sê die teks: "...voortgaan om kwaad te doen...

vuil bly... heilig bly." Bly (in Engels, *still*) beteken "vir altyd."

Daar kom 'n oordeelsdag vir elke mens in al die nasies van die wêreld. Dit sal gegrond wees op wat mense *gedoen* het, ongeag wat hulle reken dat hulle glo.

> *Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan. Die wat goed gedoen het, sal opstaan en sal lewe, en die wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word. (Johannes 5:28 - 29)*
>
> *Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. (Openbaring 20:13)*
>
> *Hy sal elkeen vergeld volgens sy dade: aan die wat in goeddoen volhard en op dié manier soek na ewige heerlikheid, eer en onverganklikheid, gee Hy die ewige lewe, maar die wat uit selfsug ongehoorsaarn is aan die waarheid en toegee aan die ongeregtigheid, straf Hy in Sy toorn. (Romeine 2: 6 - 8)*

Die mense in elk van die drie kategorieë sal vir ewig lewe in 'n plek wat voorberei is:

Die *onregverdiges* en die *vuiles* sal na die plek wat vir Satan en sy engele berei is, gaan – om vir alle ewigheid 'n tweede dood in die poel van vuur te smaak. [5]

Die *regverdiges* sal na die plek gaan wat vir hulle van die begin van die aarde se bestaan af berei is – om 'n tweede lewe in die nasies van God se ewige koninkryk te geniet.[6]

Die *heiliges* sal die ewige lewe smaak in die plek wat God vir Sy eie, spesiale nasie[7] voorberei het – genoem die Heilige Stad, die Nuwe Jerusalem.[8]

**Die oordeel oor diegene wat boos is, sal regverdig wees**

Geen mens word ongeregtig of vuil gebore nie. Mense word self so, deur wat hulle doen. Almal word gebore met 'n kennis van God in hul gewete. Hulle onderskei instinktief tussen goed en kwaad. Die *onregverdiges* en die *vuiles* ag dit van geen belang nie.[9] Albei verbreek die Ewige Verbond van die gewete[10] en maak hul harte hard en ongevoelig vir die waarheid. Die gevolg hiervan: hulle benadeel ander en lei hulle op die verkeerde pad, weg van wat reg is. Daarom verdien hulle vir hulself die lot van Satan en sy engele. By die oordeelsdag[11] sal hulle die *tweede dood as ewige straf ontvang*.[12]

**Die oordeel oor diegene wat goed doen, sal regverdig wees**

Die *regverdiges* of goeies bly en leef binne die grense van hul gewete. Hulle word in 'n gevalle toestand gebore en DOEN daarom sonde,[13] maar hulle verwerp nie die ingebore kennis van goed en kwaad in hulle nie.[14] Hulle gehoorsaam eerder hul gewete; hulle sondig nie tot die verwoesting van ander nie. Nadat hulle vir hul sondes in die dood betaal het,[15] sal hulle opstaan uit die eerste dood om geoordeel te word.[16] Hulle sal nie die tweede dood smaak nie, want hulle verdien dit nie. Hulle

beoefen nie die dade wat die Bybel as waardig ag vir die tweede dood nie.[17] Omdat hulle volhard om goed te doen,[18] is hul ewige bestemming 'n tweede lewe in die nasies van die ewige eeu.[19]

**Die oordeel oor die heiliges sal ook regverdig wees**

Die *heiliges* is reeds waardig bevind vir die ewige lewe. Hulle het nie nodig om die oordeel deur te gaan wat 'n ewige bestemming bepaal nie.[20] Hulle sal nie vir ewig in 'n tweede lewe in die ewige nasies lewe nie, en sal ook nie die tweede dood in die poel van vuur ervaar nie. Hulle het reeds uit die ewige dood in die ewige lewe ingegaan.[21] Dis duidelik uit hul daaglikse lewe van selfverloënende liefde.[22]

Omdat hulle *gewillig was om Sy wil te doen*,[23] het God hulle gered deur die dood van sy Seun,[24] Messias **Jahshua**,* en hulle *afgesonder* vir Sy eie plan en doel. (God het dit nie gedoen omdat hulle enigiets goeds gedoen het nie, maar alleen deur Sy genade. Die meeste heiliges wat gered is, was eintlik op pad na die tweede dood.) Die *reaksie* of respons van algehele toewyding bewys dat Sy lyding in die dood, vir hulle, die moeite werd was. Hy het self gesê dat hulle hulself waardig sal maak vir Hom, deur hul lewens, eiendom, besittings, familie, ens. te los, om Sy dissipels te word.[25] Die wat nie alles opgee nie, oordeel hulself *onwaardig* vir die ewige lewe.[26] Hy maak hulle wat wel antwoord, 'n nuwe nasie wat hul lewens uitsluitlik vir Hom lewe. Die wat Hom voluit gehoorsaam, sal nooit dood sien nie, nie eers die eerste dood nie.[27] In die ewigheid sal hulle burgers wees van die Heilige Stad,[28] *steeds deel van die heilige nasie wat hulle in hierdie bedeling geword het*.[29] Hulle sal saam met Messias Jahshua oor die nasies in die ewige koninkryk van God regeer.

---

[1] Hand. 10: 35 [2] Rom. 2: 14-16
[3] 2 Kor. 5:15
[4] 1 Pet. 2: 9; Dan. 2:44
[5] Matt. 25: 41, 46; Op. 20:14; 21:8
[6] Matt. 25:34; Op. 21: 24, 26; 22:2
[7] 1 Pet. 2: 9 [8] Op. 21:9–12
[9] Rom. 1:28; Gen. 3:22
[10] Jes. 24:5-6; Gen. 3:16-19; 9:1-7
[11] Op. 20:11-15 [12] Matt. 25:46
[13] Rom. 3:23 [14] Rom. 1:28
[15] Rom. 6:23 [16] Heb, 9:27
[17] Op. 21:8; 22:15 [18] Rom. 2:7
[19] Op. 21: 24; 22: 2
[20] Joh. 5:28–29 [21] Joh. 5:24
[22] 1 Joh. 3:14, 16; Hand. 2:44-45; 4:32-35
[23] Joh. 7:17
[24] Jes. 53:10; Hand. 2:24; 2 Kor. 5:15
[25] Matt. 10:37-39; Mark. 10:29-30; Luk. 14:26-33
[26] Hand. 13:46 [27] Joh. 8:51
[28] Op. 21:10-12 [29] Ef. 2:12-13

*** Jahshua** (in Engels *Yahshua*, omdat die Hebreeuse j-klank in Engels foneties nie anders weergegee kan word nie) is die Hebreeuse naam vir die Seun van God. Dis wat sy moeder, Miriam (Maria) Hom genoem het na Sy geboorte, soos opgeteken in Lukas 1: 31 en Matteus 1: 21. Die voetnota by lg. vers in die NIV Nuwe Testament lees: *"Jesus is the Greek form van Joshua."* In Hebreeus beteken Sy naam "Ek het krag om te verlos." *Jahshua* is 'n samestelling van "*Ja*" of "*Jah*" (die naam van die Vader, *Jahwe – Ek is*) soos in Afr. *Halleluja*, wat beteken, "prys *Jah,*" en "*shua*" (kragtig en gesaghebbend om te red). Ons noem Jesus eerder *Jahshua*, want dis werklik Sy naam.

**Hoe kan ek in 'n God glo wat goeie mense in die hel gooi, bloot omdat hulle nie Christene is nie?**

Het iemand u al ooit die vraag hier bo gevra? Baie mense wat eerlik is, het hulself al dié vraag gevra.

Mens kan natuurlik een of ander "gerieflike" teologies gegronde antwoord gee, en bloot sê: "Niemand is goed nie." Daar steek wel waarheid hierin, want almal het tog gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Maar beteken dit dat, sê nou maar, 'n Chinese boer - wat sy hele lewe lank hard gewerk het om vir sy gesin te sorg; wat vir vyftig jaar getrou gebly het aan sy eggenoot – deur God verdoem sal wees, tot dieselfde ewige lot as Adolf Hitler (wat ses miljoen Jode laat doodmaak het)?

Natuurlik doen God dit nie – nie as Hy die God is wat die Bybel beskryf, die God wat Abraham geken het nie! Kyk net wat is op Abraham se hart:

> *U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses om die lewe bring nie! U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die Regter van die aarde dan nie reg laat geskied nie? (Genesis 18:25)*

Gee spesiaal aandag aan Abraham se woordkeuse vir sy pleidooi: hy pleit by God vir die *regverdiges* in Sodom. Was daar enige mens in Sodom wat op regverdigheid aanspraak sou kon maak, soortgelyk aan Abraham s'n? Boonop het Abraham se paaie met sy neef Lot geskei lank voor Abraham se geloof en regverdigwording.[1] Lot het glad nie deel gehad aan die verbonde van Abraham nie. Hoe kon daar dan regverdiges in Sodom wees? Of was Abraham net naïef, of het hy hom dalk misgis?

Nee! God se antwoord hierop het bevestig presies hoe Abraham dit verstaan het – Hy stuur Sy engele om Lot te red, die enigste regverdige man in Sodom, voor Hy die bose stad vernietig. Lot was nie 'n godsdienstige (gelowige) man nie, maar volgens Abraham en die Nuwe-Testamentiese apostel Petrus was Lot 'n *regverdige* (eerbare, goeie) man:

> *... en tog het Hy vir Lot gered, 'n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige lewenswyse van sedelose mense. Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit 'n foltering was vir sy opregte gemoed. Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewinge te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou. (2 Pet. 2:7-9)*

Die apostel Petrus, wat vroeër gedink het God aanvaar net Jode, het later begryp wie God wérklik was:

> *Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is. (Handelinge 10:34-35)*

Die leerstelling dat Christene hemel toe gaan, terwyl **al die ander** na die ewige hel gaan, belaster die karakter van God. Dit ontken Sy groot liefde vir manne en vroue wat veg om met 'n skoon gewete te lewe, om nie dinge te doen wat mens se lewe verwoes nie.[2]

Wat die meeste Christene nie begryp nie, is dat daar *drie* ewige bestemmings is, en nie *twee* nie. Daar is *drie* kategorieë mense,[3] en *drie* plekke voorberei vir hulle, waar die ewigheid deurgebring sal word, volgens God se regverdige oordeel.[4] Daar is verseker 'n plek van ewige foltering vir die wat hul gewetens verkrag, en wat hulself oorgegee om dinge te doen wat God haat. Dis die *eerste* kategorie mense, die *onregverdiges,* asook die *vuiles* van Openbaring 22:11.

Net so seker is daar 'n ewige beloning vir diegene wat hul sondes bely het en alles gelos het om Jahshua, die Messias, die Seun van God, te volg in gehoorsaamheid tot die evangelie.[5] Dis die *derde* groep mense, die *heiliges* van Openbaring 22:11. Die Bybel sê dat hulle *saam* met die Messias vir ewig oor die nasies sal regeer.[6] Maar wie is die mense van die *nasies* nou eintlik? Hulle is nie die *onregverdiges* en die *vuiles* van die *eerste* kategorie nie, wat die ewigheid in die poel van vuur deurbring.[7] Hulle is ook nie die *heiliges* van die *derde* kategorie nie, want hulle is die Heilige Stad[8] wat saam met Messias *oor* die nasies regeer.

Dis eenvoudig so dat God **nog** 'n kategorie mense erken, en wat die meeste Christene **nie** erken nie: diegene wat *regverdig* is volgens die standaarde wat die Skepper in hulle gewetens geplaas het. Dis die *tweede* kategorie van Openbaring 22:11, en op hulle wag ook 'n *ewige beloning* [9] ná die oordeel – die ewige koninkryk van die nasies [10] oor wie Messias en sy heiliges sal regeer in volmaakte liefde en geregtigheid.[11]

Die Bybel sê dit is so bepaal dat die mens *eenmaal* (nie *tweemaal* nie) sal sterf, waarna hy geoordeel sal word.[12] Die eerste dood is die loon van die sonde,[13] die regverdige vonnis weens Adam[14] en almal wat ná hom gesondig het. Maar die eerste dood is nie ewig nie - dit eindig en dan kom daar 'n *oordeel* om te bepaal – dis so vir élke mens - wie waardig is vir die *tweede dood* of vir 'n *tweede lewe*. Ons praat hier glad nie van *reïnkarnasie* nie. Ons praat van die woorde van ons Meester Jahshua, die Seun van God, wat gesê het:

> *Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en die wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word. (Johannes 5: 28 - 29)*

Hy het spesifiek gesê, "Moenie verbaas wees nie..." omdat Hy geweet het dat die godsdienstige mense van destyds (nes Christene vandag) *verbaas sal wees* om te hoor dat alle mense die potensiaal het om 'n tweede, *ewige* lewe te hê, gegrond op hul *dade* (nie op grond van hul godsdiens nie). In hierdie gedeelte stel Jahshua die *eerste* kategorie ("dié wat verkeerd gedoen het") en die *tweede* kategorie ("dié wat goed gedoen het") van Openbaring 22:11 in kontras met die *derde* kategorie wat Hy sopas in 'n vorige vers beskryf het:

> *Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan. (Johannes 5: 24)*

Diegene wat op Sy woord reageer en met hul lewens volkome op Hom vertrou,[15] sal nie eers die dood smaak nie,[16] want Hy het vir hul sondes betaal met Sy eie dood. Hulle is nie ingesluit in die oordeel van Joh. 5: 29 nie. Die ewige lewe wat hulle ontvang, is 'n gratis geskenk van Sy genade, en is nie gegrond op eie werke nie. Maar die

oordeel van Joh. 5: 29 is gegrond op hoe elke mens, wat nooit die stem van die Seun van God aan dié kant van die graf gehoor het nie, hul lewens gelei het. [17] Oor hierdie oordeel het Jahshua gesé:

> *Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy **gedoen** het. (Openbaring 22: 12)*

Aan die *onregverdiges*, asook die *vuiles*, 'n tweede dood; aan die *regverdiges* (goeies), 'n tweede lewe; aan die *heiliges*, om saam met Hom te regeer oor die regverdige nasies,[18] wat uiteindelik die hele uitspansel met Sy beeld sal vul.[19]

**Wie is die regverdiges?**

Elke mens word in die kategorie van die regverdiges gebore, omdat elkeen volgens die beeld van die Skepper gebore is,[20] met 'n ingebore kennis van Hom, die Skepper. Ondanks die feit dat elke mens van die gevalle saad van Adam afstam, en die ongeregtighede van hul vaders erf, word hulle nogtans met 'n gewete gebore, met die vermoë om dit te gehoorsaam, of nie. Dis duidelik uit die manier waarop God met Kain gepraat het toe hy kwaad was vir sy broer Abel:

> *Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag vir jou daar buite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers. (Genesis 4: 6 - 7)*

God het van Kain verwag om die versoeking – nl. om sonde te doen - te *oorwin*. Dit was binne Kain se mag om die drang om sy broer te vermoor, teen te staan – anders sou dit onregverdig van God wees om dit van hom te verwag. As Kain goed gedoen het (sy sonde oorwin het), sou God hom aanvaar, nes God altyd diegene aanvaar wat goed doen.[21]

Daar sal mense wees wat natuurlik wil argumenteer dat *almal gesondig het, en nie deel het aan die heerlikheid van God nie*.[22] Dis heeltemal waar. Almal **het** gesondig, maar nie almal het gesondig tot die graad wat ewige straf verdien nie. Die Bybel is baie spesifiek oor die soort mens wat die poel van vuur waardig is. Byvoorbeeld: dié wat bang en ontrou geword het, moordenaars, towenaars, losbandiges, egbrekers, homoseksueles, afgodsdienaars, diewe, bedrieërs, dronkaards, die wat gierig is, en die wat die leuen liefhet en beoefen.[23] God skeer nie alle sonde oor dieselfde kam nie. Hy stel nie die moordenaar, en die man wat sy hele lewe lank hard gewerk het, wat aan sy vrou getrou was, en oor sy gesin goed regeer het en sy kinders gedissiplineer het, gelyk nie.[24]

Kain het oor die streep getrap toe hy sy broer vermoor het[25] – van die kategorie van die *regverdiges*, oor na die kategorie van die *onregverdiges* en *vuiles*. Hy het verkies om sy broer te vermoor, en die gevolglike skuldgevoel was meer as wat hy kon verduur,[26] meer as waarmee hy met sy eie lewe kon betaal. En dis wat die sonde van die *onregverdiges* en *vuiles* van dié van die *regverdiges* onderskei – dis die soort sonde wat mense se lewens verwoes. Manne en vroue wat dié soort sondes doen, verdien 'n ewige bestemming in die poel van vuur.[27]

Sedert Adam se val is elke mens gebore met die geneigdheid om te sondig – bloot 'n selfsugtige streep in hom, maar die mens is **nie** gebore met 'n geneigdheid om sy gewete stil te maak nie. Dis *normaal* om na jou gewete te luister, nie om dit te minag nie. Die gewete is 'n kosbare geskenk van 'n liefdevolle Skepper, om te keer dat mens jouself én jou medemens verwoes. Dis God se "onder-koning" (Eng. *Vice-regent*) in die mens se hart; Sy stem wat goed en kwaad deeglik onderskei;[28] dis Sy voorvalleboek waarin alle afwykings van dié standaard opgeteken word tot die dag van oordeel.[29] Die wat hul gewete onderdruk, stapel oordeel vir hulself op.[30] Uiteindelik slaag hulle daarin om hul gewete stil te maak, terwyl God hulle aan hul eie verdraaide opvattings oorgee [31] en hul name uit die *Boek van die Lewe* vee.[32] Maar, manne en vroue wat die *stem van hul gewete* gehoorsaam, aan hulle sal genade betoon word in die dag van oordeel. Hulle name sal in die *Boek van die Lewe* bly, die boek wat rekord hou van diegene wat 'n tweede lewe waardig is.[33]

**Die Ewige Verbond**

Wat presies sê hierdie *stem*? Wat is dié ingebore kennis wat God in elke mensehart geskryf het? Dis die inhoud van die Ewige Verbond wat God met Adam en Eva na die sondeval gemaak het, die skans van die gewete wat hulle en hul nageslag in staat stel om te keer dat sondes gepleeg word, die soort sonde wat tot die tweede dood lei:

> *Vir die vrou het die Here God gesê: "Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers."*
>
> *Vir die mens (*Adam*) het die Here God gesê: "Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit en jy sal veldplante eet; net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy en jy sal weer stof word."*
> *(Genesis 3: 16 - 19)*

Dié verse weerspieël die kern van God se absolute morele standaard vir man en vrou. Die vrou se begeerte sal na haar man wees, en sy sal haarself gee om sy kinders te hê, en om nòg die pyn by geboorte, nòg die verantwoordelikheid van kinders grootmaak, te ontsnap. Dit skep 'n sterk band tussen die vrou en haar kinders, kinders wat grootword met respek vir haar. Net so groei haar man se respek vir haar, wanneer hy haar pyn gedurende geboorte sien.

Die vrou moet gewillig wees om haar aan die man se gesag oor haar te onderwerp. Die man moet in liefde oor sy vrou heers, waardering hê vir haar begeerte na hom, en trou bly aan haar. Hy moet hard werk om vir sy gesin en familie te sorg, en sal deur sy eie harde werk 'n bestaan maak; hy sal nie van die swaarkry of die verantwoordelikheid om vir hulle te sorg, probeer ontsnap nie.

En sy vrou en kinders het hom daarom lief en respekteer hom daarvoor.

Daar is nie plek binne hierdie grense vir seksuele verhoudings *buite* die lewenslange huweliksverbond tussen man en vrou nie. Daar is nie plek vir die selfsug van 'n eiewillige besluit om nie kinders te hê nie. Daar is nie plek vir die vrou om haar man te domineer of om hom te manipuleer nie. Daar is nie plek vir 'n man se luiheid of vir leeglê nie, of plek om onbuigsaam en tirannies op te tree nie. Maar daar is meer as genoeg ruimte vir wedersydse liefde en versorging, getrouheid en uithouvermoë, lojaliteit en geduld, goedheid en warmte, verdraagsaamheid en die vermoë om vrug te dra. Daar is veel ruimte vir gelukkige, selfversekerde, geborge, regverdige kinders wat grootword om in die voetspore van hul ouers te stap, binne die grense van dié *Ewige Verbond* van die gewete.

Die tragedie wat met Kain begin het, is dat talle mense hierdie Ewige Verbond verbreek. Toe Noag se geslag op die toneel verskyn het, was die boosheid op aarde so groot dat God spyt was dat Hy die mens geskape het.[34] Maar Hy het in Noag en sy familie, wat steeds aan die Ewige Verbond vasgehou het, geglo. Na die groot vloed het Hy die volgende by dié verbond gevoeg:

> *God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde... Wanneer julle eie bloed vergiet word, sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe; van 'n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van 'n mens, en van die mens sal ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens. Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word. God het die mens gemaak as sy verteenwoordiger. Maar julle moet vrugbaar wees en baie word." (Genesis 9: 1 - 7)*

Dit maak voorsiening vir aardse, menslike regering, om diegene wat ander se lewens verwoes, te straf – 'n bepaling wat Israel as wet ontvang het (en wat alle nasies waar regverdiges die regeerders is, sal uitvoer):

> *Enigeen wat die dood van 'n ander veroorsaak, mag slegs as moordenaar doodgemaak word op grond van die getuienis van meer as een persoon. Een getuie is nie genoeg om iemand met die dood te straf nie. Julle mag nie loskoopgeld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat die dood skuldig is nie. Hy moet beslis doodgemaak word... Julle mag nie die land waarin julle woon, onrein maak nie, want bloedvergieting verontreinig die land en daar kan alleen deur die bloed van hom wat die bloed vergiet het, versoening*



*gedoen word vir die land waarin die bloed vergiet is.*
*(Numeri 35: 30 - 33)*

Alle goeie mense sal hierdie standaard handhaaf (selfs met hul stem op stemdag), want hulle beskou die beeld van God in hul medemens as waardevol. Nie alleen sal hulle hulself van moord weerhou nie,[35] maar hulle sal niks doen wat willens en wetens ander se lewens kan verwoes nie.[36] Desnieteenstaande, soos in die dae van Noag, hou **min** mense die Ewige Verbond, en die tragiese gevolge is sigbaar, soos die profeet Jesaja profeteer:

> *Want die aarde is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die HERE, hulle het Sy voorskrifte geminag, Sy vaste verbond verbreek; daarom sal 'n vloek die aarde verteer... (Jes. 24: 5 - 6)*

**Die oordeel van die skape en die bokke**

Teen die agtergrond van 'n gevalle mensdom in die algemeen, hoe weet mens wat presies in God se hart is, wat betref moedige manne en vroue, wat deur swaarkry en lyding die stem van hul gewete gehoorsaam, en so die Ewige Verbond hou? En wat Sy beeld in hul medemens eerbiedig deur sorgsaamheid, gasvryheid en hartstog uit te leef? Sal Hy hulle saam met die onwillige, dwarstrekkige, selfverheffende, gierige, bedrieglike en moreel vuil mense wat die goeie aarde besoedel, verdoem? **Nooit, ooit** sal Hy so iets doen, naamlik om die regverdiges en die bose oor dieselfde kam te skeer nie![37] Die teendeel is eerder waar:

> *Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op Sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.*
>
> *Dan sal die Koning vir dié aan Sy regterkant sê: "Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die Koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek."*
>
> *Dan sal die wat die wil van God gedoen het, Hom vra: "Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien, of in die tronk en U besoek?"*
>
> *En die Koning sal hulle antwoord: "Dit verseker Ek julle: vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*
> *(Matteus 25: 31 - 40)*

Wie is hierdie regverdige mense wat Jahshua *skape* noem? Dis duidelik dat hulle **nie** *dissipels* is nie, om **drie** redes:
**1**. Hulle word deur hul werke geregverdig (terwyl dissipels deur genade gered word, deur geloof.)[38]
**2**. Hulle was onbewus daarvan, dat deur Jahshua se broers lief te hê, hulle Hom liefgehad het (terwyl dissipels tog immers *weet* dat hulle hul Meester liefhet, deurdat hulle hul broers liefhet)![39]
**3**. Hulle word deeglik onderskei van "hierdie broers van my" in vers 40 hier bo.

Hierdie mense wat Jahshua *skape* noem, was onbewus daarvan dat hulle gasvryheid op spesiale mense (dissipels) gemik was. Hulle motief was nie selfsug nie. Hulle gewete het hul gelei om die beeld van God in hul medemens te eerbiedig,[40] en hul ingesteldheld was om na hul gewete te luister. Dit was deurgaans hul ingesteldheid. Daarom noem Jahshua

hulle *skape* – hulle het hul behoefte aan ‘n herder raakgesien, wat uit hul gewete kom. En die Hoofherder sal hulle verwelkom in die koninkryk wat vir hulle voorberei is – die ewige koninkryk van die nasies waaroor Jahshua en Sy broers [41] sal regeer.[42]

Vir die *bokke*, wat geen nut vir ‘n herder gehad het nie, is daar ook ‘n plek berei:

> *Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê... “Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, en julle het my niks gegee om te eet nie; Ek was dors en julle het My niks gegee om te drink nie; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie, siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.”*
>
> *Dan sal hulle ook antwoord: “Here, wanneer het ons U honger of dors of ‘n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?”*
>
> *En Hy sal hulle antwoord, “Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit ook nie aan My gedoen nie.” En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe.*
> *(Matteus 25: 41 - 46)*

Die **drie** kategorieë mense word duidelik onderskei:

**1**. Die *bose*, wat vir hulself lewe, ongevoelig vir hul medemens, terwyl hul gewete gesus word om hul eie begeertes te bevredig. Die poel van vuur is vir hulle voorberei.[43]

**2**. Die *regverdiges* wat die beeld van God in hul medemens erken en eerbiedig, wat ‘n skoon gewete nastreef, selfs ten koste van hulself. ‘n Ewige koninkryk is vir hulle voorberei.[44]

**3**. Jahshua se broers, die *heiliges* wat hul eie lewens heeltemal verloën het en net vir Hom wat gedood is en vir hulle uit die dood opgestaan het, leef. Die Heilige Stad is vir hulle voorberei.[45]

Miskien is u nie gewoond daaraan om aan *drie* kategorieë en aan *drie* ewige bestemmings te dink nie, maar die waarheid van dié woorde sal op u gewete ‘n indruk maak - dit wil sê, as u die hart van Abraham het, die vriend van God. Hoe anders sal u weet of u die God van Abraham ken? Glo u in ‘n God wat goeie mense in die hel gooi?

---

[1] Gen.13:11;15:6 [2] Op. 21:8;22:15 [3] Op. 22:11
[4] Heb. 9:27; Op. 20:12-13 [5] Mark. 10:28-30; Luk. 14:26-33
[6] Op. 2:26-27 [7] Matt. 25:41; Op. 20:10-15 [8] Op. 22:12
[9] Op. 22:12 [10] Matt. 25:3 [11] Op. 5:10
[12] Heb. 9:27 [13] Rom.6:23 [14] Gen. 2:17
[15] Die Skrif noem hulle die “heiliges” [16] Joh.8:51
[17] Diegene wat Sy stem hoor, maar Hom verwerp, is ook van dié oordeel uitgesluit, want hulle is alreeds veroordeel, Joh. 3:18
[18] Op. 22:1-5 [19] Ef. 3:21 [20] Gen. 9:6; Pred. 7:29
[21] Hand. 10:34-35 [22] Rom. 3:23
[23] 1 Kor. 6:9-10; Op. 21:8; 22:15 [24] Heb. 12:7-9
[25] 1 Joh. 3:12-15 [26] Gen. 4:13 [27] Op. 21:8
[28] Rom. 2:14-16 [29] Op. 20:12 [30] Rom. 1:18
[31] Rom. 1:28 [32, 33] Op.20:15 [34] Gen. 6:5-8
[35] Of sal vonnis vir moord terughou, wat dieselfde beteken.
[36] Op. 21:8 [37] Gen. 18:25 [38] Rom. 2:13;Ef. 2:8 [39] 1 Joh. 4:20; Heb. 6:10 [40] Gen. 9:6 [41] Heb. 2:10-12; Matt. 25:40 [42] Op. 5: 10
[43] Matt. 25: 41 - 44 [44] Matt. 25: 34 [45] Joh. 14: 3; Heb. 11: 16; Op. 21: 2, 10



# Verlosser

Hy het'n *sekere* dood in die gesig gestaar.
Hy het nie alleen veroordeling verwag nie - Hy het
voor die regter gestaan en wás veroordeel.
Die verskriklike doodsveroordeling is voltrek.
Hy het swaar gedra aan skuld toe Hy die hofsaal
verlaat het. Sy terregstelling was nie 'n privaat
aangeleentheid voor 'n paar nodige getuies nie.
Hy het voor al Sy volksgenote gestap, vermink
deur die brutale geweld van die wagte oor hom.
Sterk manne het bleek geword by die aanskoue
van Sy toestand, en vroue het geween.
Tree vir tree – hoe afskuwelik ook al – het
Hy geloop tot waar die lewe finaal uit Sy verwronge
liggaam getap sou word. Menigeen het dié pad al tevore
geloop. Die skuld wat hulle gedra het,
het hul ewige bestemming verseël.
Al struikelend en val-val het Hy, uitgeput, die plek
van terregstelling bereik. Binne enkele ure van pyn en
foltering het die openbare vertoon tot 'n einde gekom.
Die wat dáár was, het Hom hoor uitroep omdat
Hy van God verlaat was. En Hy was waarlik.
Ten aanskoue van hemel en aarde is Sy lewe be-eindig.
Die las van skuld het Sy regverdige siel diep in die put
van die dood geruk. Tog het Hy nie Sy eie skuld gedra nie
– Hy het óns skuld gedra. Hy het gewilliglik die
bloedsmart wat ons sondes verdien, op Hom geneem.
En deurentyd het Hy niks gekla nie, en glad nie bitter
geraak nie. Sy dood was die grootste bewys
van liefde ooit. Sy onskuldige bloed het elke
ongeregtige en vuil daad van ons bedek,
al die dinge wat ons gedoen het,
alles wat teen ons gewete
ingedruis het.

Kyk volgende bladsy

# Verlosser

Vervolg van vorige bladsy

Hy het drie dae en drie nagte in die dood deurgebring, en dit was genoeg om vir ons almal se sondes te betaal. Die pyn wat Hy deurgemaak het, was genoeg. Selfs in die dood was daar nie eers ‘n sweempie van wantroue of weerstand vir Sy Vader se wil vir Hom nie. Daarom kon die volle teistering en pyniging van die dood spoedig midde-in Sy wese insny. Dit oorskry by verre die lyding wat diegene met verharde harte sal deurmaak wanneer hul skuldige gewetens hulle in die ewigheid sal aankla.

Toe Hy álles gedoen het waarvoor Hy gestuur was, het Sy Vader Hom uit die dood opgewek. Dit was onmoontlik vir die dood om Hom daar te hou, omdat Hy onskuldig was. In die dood het Hy die aarde en al sy inwoners gekoop. Met Sy opstanding het Hy Koning geword van almal wat Hom sou volg. Sy naam – **Jahshua*** – beteken: *Hy is magtig en kragtig om te red.* Dieselfde krag wat Hom uit die dood opgewek het, stel sy dissipels in staat om mekaar lief te hê, nes Hy ons liefgehad het. ‘n Lewe van liefde en eenheid kom tot stand – ‘n *bewys* dat God die mens liefhet en Sy Seun geoffer het om ons los te koop.

Hy is ons Verlosser. Enigeen kan na Hom toe kom en van die dood vrygespreek word. God het in Sy genade en goedertierenheid vir die mens ‘n weg gebaan sodat selfs die onregverdiges en die vuiles vergifnis kan kry en hul ewige bestemming kan verander – voordat dit te laat is.

*Kyk nota op bl. 4 oor die naam “*Jahshua*”

**Stamme ...** (Kyk ook laate blad)
"... 'n vrou met die son as haar kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre" (Openbaring 12:1)
"Ons twaalf stamme dien God nougeset dag en nag..." (Handelinge 26:7)

**Twaalf stamme?**

"... elke stam van die volk lsrael... Juda... Ruben... Gad... Aser... Naftali... Manasse... Simeon... Levi... Issaskar... Sebulon... Josef... Benjamin…" (Openbaring 7: 4 - 8)

Dis moeilik om te verstaan, sowat 1 900 jaar nadat dié stamleefwyse van die aardbol verdwyn het...: "Daar is niks bedek wat nie onthul sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie." (Lukas 12:2)

Die antieke stamleefwyse van Abraham... 'n lewe van gasvryheid... 'n lewe van vrede... gesinne, families, familiegroepe (*clans*) en generasies almal saam… 'n nasie met 'n gemeenskaplike aard...

In ons moderne wêreld, waarin antieke grense verval het, word die eeue-oue boustene weer herstel... die harte van die vaders en hul seuns word weer verenig... broers bly weer saam in eenheid...

Goed en aangenaam... soos die môre-dou... soos olie op die hoof... soos 'n tuin met volop water... 'n plek waar mens voel jy hoort... 'n plek waar God woon... waar die eensames 'n huis het... 'n plek wat geseën word met die ewige lewe...

Alle nasies het 'n stamleefwyse êrens in hul herkoms, en die geskiedenis vertel van die verval van dié stamme en stamleefwyse. Alle kulture wat hul gewete verkrag het, het uiteindelik so geval. Selfsugtigheid het skeuring tussen mense gebring. Oorlog was die gevolg.

Maar daar is geen oorlog onder ons Stamme nie. Net soos ons vergiffenis ontvang het, vergewe ons ander. Ons is deel van 'n *nasie* wat besig is om terug te keer na die leefwyse wat ons Skepper aanvanklik vir ons bedoel het. Ons het 'n nuwe lewe, want ons sondes is vergewe. *'n Nuwe lewe* beteken nie maar net dat ons opgehou het om slegte dinge te doen nie; dit beteken dat God se liefde in ons harte uitgestort is. Ons leer om lief te hê, soos Hy liefhet. En net soos destyds, van ouds, bring dié liefde 'n leefwyse van eensgesindheid en sorgsaamheid, waarin daar geen rykes of armes is nie. Dis dieselfde stamleefwyse wat die eerste dissipels van ons Meester Jahshua, die Seun van God, uitgeleef het. (Lees asb. die nota op bl. 4.) Ons het weer na dieselfde fondasie van die geloof, dié van Sy eerste dissipels, teruggekeer, en ons hoop om dieselfde vrugte te dra.

Ons lewe 'n eenvoudige lewe in ons gemeenskappe (*communities*) – ons werk saam, eet saam, deel alles wat ons het. Ons word nie beheer deur 'n eindelose lys moets of moenies, reëls of regulasies nie. Die reëls waaronder ons leef, word op ons harte geskryf. Ons doel is om mekaar lief te hê, soos ons Meester ook ons liefgehad het: om ons Skepper met ons hele hart, siel en met al ons krag lief te hê; en om ons bure om ons lief te hê net soos ons onsself liefhet. Ons huishoudings vergader daagliks om te sing, te dans en om dank te bring aan die Een wat ons van 'n leë en rigtinglose bestaan verlos het.

Die verskeie huishoudings vorm elk 'n familiegroep (*clan*). Verskeie *clans* vorm 'n stam. Die stamme is dwarsoor nasionale grense verenig deur hul liefde vir mekaar. Hierdie liefde is nie net 'n "gevoel" nie. Dis 'n lewenslange verbintenis, iets wat ons saamweef, nes 'n kind in sy moederskoot verweef is. Die stamme is besig om tot stand te kom… En dan gaan 'n nasie tot stand kom, binne 'n enkele dag... Israel... dis besig om te gebeur... dis hier! Die dag is naby! Ons kan deel wees van wat God besig is om op aarde te doen!

# Stamme...




## Iets uit die antieke, iets ouds word weer gebore...

Die tyd het aangebreek... Nie meer vreemdelinge nie... Nie meer ontwortel nie... ‘n Nasie word bymekaar gemaak... Nie meer afgesonder nie... Nie meer vervreem nie... ‘n Gemenebes (*commonwealth*) word gevorm... Die woorde van ouds spreek van ‘n geheimenis:

> *“Kom, ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam die heilige stad Jerusalem... met twaalf poorte... die twaalf stamme van die volk lsrael… (Openbaring 21: 9 - 12).*

## Stamme? Watter stamme?

> *“… die stamme van Jakob te herstel en om die lsraeliete wat gered is, terug te bring... ‘n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.” (Jesaja 49:6)*

www.TwelveTribes.com
Tolvry-nommer in die VSA: 1-888-TWELVE-TRIBES
(1-888-893-5838)